

SARS neem kennis van regsaksie deur die vakbond Suid-Afrikaanse Vereniging van Staatsamptenare (PSA)

Tshwane, 14 May 2021 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem kennis dat een van sy vakbond-vennote, die Suid-Afrikaanse Vereniging van Staatsamptenare (PSA), die opsie geneem het om regstappe in te stel om 'n oplossing te vind in die aangeleentheid van salarisverhogings tussen SARS en georganiseerde arbeid.

Net voor die einde van die finansiële jaar, het die SARS kommissaris aan werknemers gekomminukeer oor die voortslepende besprekings met die weier besturende leierskap en georganiseerde arbeid oor die gevolge van begrotingstoekenning op SARS se finansiële hulpbronne wat 'n ernstige uitdaging bly.

SARS, soos ander regeringsentiteite, is onderworpe aan nasionale begrotingstoekennings van die nasionale tesourie. Dit is 'n welbekende feit dat die ekonomie, soos nog nooit tevore, nadelig geaffekteer is deur die pandemie. SARS se bevondsing is ook so geaffekteer.

Aan die hand van bogenoemde, het SARS en georganiseerde arbeid op Dinsdag 6 April 2021 saamgekom met die doel om na geleenthede te kyk onder die huidige omstandighede en spesifiek die kwessie van die werknemerswaarde-aanbod te betrek. Georganiseerde arbeid het sodanig insae gelewer en sal SARS voortdurende hiermee betrek.

Op Woensdag 7 April 2021, tydens 'n nasionale bediningsforum byeenkoms, het alle partye gefokus op die inwerkingstelling van die finale jaar van die bestaande 3-jaar-loonooreenkoms. SARS het aangedui dat die ongelukkige werklikheid is dat SARS nie salarisverhogings vir 2021/22 kan betaal nie, omdat die begroting wat aan hul toegeken is nie salarisverhogings insluit nie.

Dit kom op ons almal neer om op te tree met die angswakkende uitdagings, wat ons land in die gesig staar, ingedagte. Ons land staar onaanvaarbare hoe werkloosheid in die gesig, en diegene van ons wat die voorreg het van voortgesette indienshouding, moet ons verwagtinge aanpas

wanneer ons wettige eise maak. Dit is dus belangrik dat ons stappe neem om verdere finansiële agteruitgang in ons land hok te slaan.

Ons respekteer georganiseerde arbeid se reg om op te tree in die vooruitgang van die belang van hul lede deurregsoplossings te oorweeg.